

**Sing vooraf: Psalm 100:1-4 (p. 494)**

- |   |   |
|---|---|
| 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br>Dien God met blydschap, gee Hom eer;<br>kom nader voor sy aangesig,<br>en prys Hom met 'n lofgedig! | 2 Die HEER is God, erken dat Hy<br>'n eie volk vir Hom berei,<br>'n volk om Hom te dien en vrees<br>en skape van sy wei te wees.      |
| 3 Gaan deur sy poorte in met lof,<br>met lofsang in sy tempelhof;<br>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br>verhef sy lof en prys sy Naam.       | 4 Want goedertieren is die HEER;<br>sy goedheid eindig nimmermeer;<br>sy trou en waarheid hou hul krag<br>tot in die laaste nageslag. |

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

**Lofpsalm 2:6 (p. 7)**

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum/Nicea

*Na die wet sing ons Psalm 4:2 (p. 15)*

Wet

Psalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,  
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,  
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,  
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Doop die verbondskindjie van Marius en Antoinette Douglas.

Na die doop: Skrifberyming 8-1:1, 2 (14:1, 2)

- |   |   |
|---|---|
| 1 "Water sal ek op hul sprinkel,<br>water uit 'n springfontein".<br>En van alle onreinighede<br>was die HEER sy volk dan rein.<br>"Nuwe harte gee 'k aan julle, | 2 "k gee my Heil'ge Gees aan julle,<br>wat die krag verleen en trou<br>om te wandel in my weë<br>en my wet te onderhou.<br>En jul sal die land van seën |
|---|---|

en Ek gee 'n nuwe gees;  
'k sal die hart van klip verwyder,  
aan jul gee 'n hart van vlees.

deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle,  
jul 'n volk sal wees vir My."

### Psalm 43:3 (p 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Skriflesing: Hebreërs 6

Teks: Hebreërs 6:10

**Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, omdat julle die heiliges gedien het en nog dien.**

(Hebreërs 6:10 AFR1953)

Die werk van God gaan altyd voort.

- Die werk van die Here is nie afhanklik van ons werke of foute in die lewe nie.
- Selfs wanneer dit lyk asof ons lewe oënskynlik minder geloofsvrugte lewer, gaan die werk van die Drie-Enige God nog steeds voort.

Die Skrywer van die Hebreërbrief begin hoofstuk 6 met 'n baie ernstige vermaning.

- Die gemeente moet nie bly by die begin van die prediking aangaande Jesus Christus nie.
- Hulle moet groei en verder gaan na die volmaaktheid toe.

Die Bybel skryf in die laaste gedeelte van vers 1 wat dit is om te bly by die begin van die prediking aangaande die Here Jesus Christus: Die begin is die fondament van die werk van Christus:

- Dit is om jou te bekeer van jou dooie werke,
- en om terselfdertyd te glo in die volle raad van God.
- Verder is dit die beoefening van die sakramente,
- en om te redeneer oor die opstanding uit die dode en oor die ewige oordeel.

**Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.** (Hebreërs 6:1-2 AFR1953)

Dié dinge is net melkkos vir die gelowige.

- Die feit is dat gelowiges nie net voedsel kan eet wat maklik verteer nie.
- Die gelowiges moet opgroei totdat hulle op 'n punt kom waar hulle vaste geloofsvoedsel kan inneem.

Dit beteken dat daar meer diepte in ons geloofslawe moet kom as om net vas te steek by hierdie eerste dinge aangaande die leer van Christus.

- Let net presies op hoe ernstig hierdie hele saak is.
- Die Bybel noem die volgende dinge **die begin** van die leer aangaande Christus:
  - Die bekering van dooie werke
  - Bekering tot geloof in God
  - Die leer van die doop
  - Die leer van die handoplegging

- Die leer oor die opstanding uit die dood
- Die leer aangaande die ewige oordeel

Wat mens regtig ruk, is dat dit maar net is waar ons vandag nog is. En om eerlik te wees – nie eers almal van ons nie.

- Daarom is dit belangrik om te hoor wat die Here hier sê: 'n Gemeente wat net by hierdie dinge vassteek, verrai 'n traagheid in hulle dat hulle nie kan vorder in die leer van hulle saligheid nie.

Dit moet in 'n kerk duidelik wees dat elke gelowige

- al hoe meer van die werk van die Here Jesus verstaan en
- al hoe meer met God omgaan – hulle moet beweeg na die volmaaktheid toe.

Die Bybel gebruik in die gedeelte die beeld van 'n huis.

- Die dinge wat hy opnoem, is net die fondament van die huis.
- Dit is die basiese dinge waarop die kerk – elke gelowige – se saligheid gebou word.
  - 'n Mens bou tog nie net 'n fondament en maak dan asof dit 'n huis is nie.
  - Die huis moet mure en 'n dak kry – elke mens moet in sy lewe vorder na die volmaaktheid toe.

In vers 7 word 'n voorbeeld genoem. Wanneer die reën op die grond val, bly die water nie maar net daar lê, of loop dit weg nie.

- Dit sink in die aarde in en daarmee word die fondament gelê vir vrugbaarheid.
- Nuttige plante groei tot eer van God – daarom het die mense wat hierdie plante bewerk, ook deel aan die seën van God.

Net so moet dit wees met die lewe van die gelowige en die kerk. Ons moet nie net by die begin van ons verlossing bly nie – ons moet verder gaan.

- Ons moet meer en meer diepte bereik en heiliger word.
- Ons moet al hoe meer die volmaakte beeld van die Here in ons lewens vertoon.
- Ons moet die hoogtepunt van ons geloof en die uitlewing daarvan reeds in hierdie lewe bereik.

*Dit is nie onmoontlik nie, want Henog en Elia het dit reggekry dat hulle so naby aan die Here gelewe het dat die Here hulle langs die dood laat verbygaan het na die hiernamaals toe.*

Baie prakties gestel, beteken dit dat ons nie meer moet vassteek by dinge soos kerkbesoek en tuiskatkinsasie en allerhande los sondes wat ons doen nie.

- Die werk van God gaan steeds voort.
- Dit is God die Heilige Gees wat die eerste dinge van ons verlossing in die Here Jesus Christus leer.
- Dit is hierdie selfde Gees wat ons tot groter hoogtes in die geloof wil voer.

Die geheimenisse van die Here se raad gaan ver bo ons verstand verby. Hy skryf vir ons van hierdie dinge in sy Woord.

- Die Here openbaar hierdie dieper dinge deur sy Gees aan ons.
- Anders gesê: Hy verlig die verstand van die wat aan Hom behoort deur die inwerking van God die Heilige Gees sodat ons sy geheimenisse kan verstaan.

Die Heilige Gees maak van God se openbaring 'n pad waarop ons veilig kan aanlewe.

**U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.** (Psalm 119:105 AFR1953)

- Die Woord word dan letterlik 'n lamp wat ons geestelike voeteval rig om deur die lewe aan te stap na God se troon toe.
- Dit maak dat ons met duidelike waarheid weet hoe om te aanbid en God met groeiende krag te aanbid.

Moses het dieselfde ding eendag in die woestyn vir die Israëliete gesê:

**Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.** (Deuteronomium 29:29 AFR1953)

Luister na wat hy sê:

- Die kerkvolk moet nie net ywerig wees in die oordenking van die Here se wet nie.
- Hulle moet die geheimenisse wat die Here openbaar, gaan doen.
- Hulle moet dit ook vir hulle kinders leer!

Daar is mense wat nie hierdie vermoëns het nie! Ons lees daarvan in die boek Job.

**Kyk, dit is maar die uitlopers van sy weë, en wat 'n fluisterwoord hoor ons maar van Hom!**  
(Job 26:14 AFR1953)

Calvyn het die sin so vertaal: *Kyk, dit is die grense van sy weë – en hoe weinig word daarin van Hom gehoor!*

Daarmee bedoel hy dat die Here se wysheid net aan Hom alleen bekend is.

- Ons sien baie dinge sonder om te verstaan wat ons sien.
- Die wysheid van die Here ontwyk sondaarmense se oë.

Dis die Heilige Gees wat mense se oë oopmaak om die openbaring van God uit sy Woord te kan verstaan.

- Dan doen ons dinge wat werklik grond in die geloof – dra ons lewe die vrugte van die geloof.
- Die Here seën so 'n aanbiddingslewe wat uit liefde vir Hom ontstaan.
- Die Here is nie onregverdig nie – Hy weet ons kan niks verdien nie – maar nogtans seën Hy ons omdat Hy sien wat ons doen. Hy sien dat ons met al ons gebrokenheid sy Naam dien.

**Want God is nie onregverdig om julle werk te vergeet nie en die liefde-arbeid wat julle betoon het vir sy Naam, . . .** (Hebreërs 6:10 AFR1953)

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 84:6 (p. 425)

6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige

Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville**

**Datum: 15 Maart 2009**